# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**
OF SOUTH WEST AFRICA
**BUITENGEWONE**
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c | Monday 4 July 1977 | WINDHOEK | Maandag 4 Julie 1977 | No. 3637

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek

No. 244] [4 July 1977

ORDINANCE, 1977: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

No. 14 of 1977 Second Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1977

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 244] [4 Julie 1977

ORDONNANSIE, 1977: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No. 14 van 1977 Tweede Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1977

**No. 14 of 1977** SECOND ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM AMENDMENT ORDINANCE, 1977

*(Assented to 23 June 1977)*
*(English text signed by the Administrator)*
*(Date of commencement 4 July 1977)*

# ORDINANCE

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 so as to provide that the registration of an accommodation establishment shall expire if application is not made for the grading of such establishment within three months of registration; that the Executive Committee may require that loans and any interest thereon shall be paid in monthly instead of annual instalments; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 18 of Ordinance 20 of 1973.

1. Section 18 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (Ordinance 20 of 1973) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The manager of any establishment registered under this Ordinance shall within three months after such registration apply for the grading of such establishment, failing which the registration shall expire.".

Amendment of section 34 of Ordinance 20 of 1973.

2. Section 34 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (2) of the following paragraph:

"(c) the annual or monthly instalments at which such loan and any interest thereon shall be repaid to the Administration;".

Amendment of section 39 of Ordinance 20 of 1973.

3. Section 39 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (c) of the following paragraph:

"(d) require that the instalments referred to in section 34(2)(c) shall be paid to the Administration monthly instead of annually, or annually instead of monthly, as the case may be.".

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Second Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1977.

TWEEDE WYSIGINGSORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, 1977

**No. 14 van 1977**

*(Goedgekeur 23 Junie 1977)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 4 Julie 1977)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 ten einde daarvoor voorsiening te maak dat die registrasie van 'n huisvestingsinrigting verval indien daar nie binne drie maande na registrasie aansoek gedoen word om gradering nie; dat die Uitvoerende Komitee kan vereis dat lenings en enige rente daarop in maandelikse in plaas van jaarlikse paaiemente terugbetaal moet word; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Wysiging van artikel 18 van Ordonnansie 20 van 1973.

1. Artikel 18 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 (Ordonnansie 20 van 1973) – hierna die Hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die bestuurder van enige inrigting wat kragtens hierdie Ordonnansie geregistreer is, moet binne drie maande na sodanige registrasie aansoek doen om die gradering van sodanige inrigting, by versuim waarvan die registrasie verval.".

Wysiging van artikel 34 van Ordonnansie 20 van 1973.

2. Artikel 34 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) die jaarlikse of maandelikse paaiemente waarteen sodanige lening en rente daarop aan die Administrasie terug betaal moet word;".

Wysiging van artikel 39 van Ordonnansie 20 van 1973.

3. Artikel 39 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na paragraaf (c) die volgende paragraaf by te voeg:

"(d) vereis dat die paaiemente in artikel 34(2)(c) bedoel maandeliks in plaas van jaarliks, of jaarliks in plaas van maandeliks, na gelang van die geval, aan die Administrasie betaal moet word.".

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Tweede Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1977.